PREEKNOTA

Datum: **25/12/2025**

1. Het jy al gevoel jy mis iets in God se storie?

Lukas 2:7, 10–14 (NLV) 7Sy het geboorte gegee aan haar eerste Kind, ’n seun. Sy het Hom in doeke toegedraai en Hom in ’n krip neergelê omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie. 10…“Ek bring vir julle goeie nuus wat groot blydskap vir almal inhou! 11Die Verlosser ja, die Messias, die Here is vannag in Betlehem, die tuisdorp van Dawid, gebore! 12En dit is hoe julle Hom sal herken: Julle sal ’n Kindjie vind wat in ’n krip lê en in doeke toegedraai is!” 13Skielik was daar saam met die engel ’n groot menigte ander engele, ’n leërskare uit die hemel, wat God prys: 14“Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir almal in wie Hy ’n welbehae het.”

2. Kom ons trek die gordyn oop van die ‘veilige’ deel van die Kersverhaal.

Openbaring 12:1-4 (AFR83) 1Toe het daar 'n groot teken in die hemel verskyn: daar was 'n vrou met die son as kleed om haar, die maan onder haar voete, en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre. 2Sy was swanger en het geskree van die pyn, want die geboortepyne was daar. 3Daar het ook 'n ander teken in die hemel verskyn: daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe was daar sewe heerserskrone. 4Sy stert het 'n derde van die sterre van die hemel saamgesleep en hulle op die aarde gegooi. Die draak het voor die vrou gestaan wat op die punt was om 'n kind te kry. Hy wou haar kind verslind sodra sy hom in die wêreld bring.

Openbaring 12:7-9 (AFR83) 7Daar het toe oorlog gekom in die hemel: Migael en sy engele moes oorlog voer teen die draak. Die draak en sy engele het oorlog gevoer, 8maar hulle is verslaan. In die hemel was daar geen spoor meer van hulle te vind nie, 9want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom.

- **Satan het altyd die Lig probeer stilmaak voor dit begin skyn.**

3. Wat is die hemelse perspektief op Kersfees?

Jesus se geboorte was die begin van ’n kosmiese oorwinning, want die draak het reeds verloor.

Openbaring 12:5 (AFR83) 5Sy het 'n kind in die wêreld gebring, 'n seun, bestem om al die nasies met 'n ystersepter te regeer. …

Openbaring 12:5 (AFR83) 5Sy het 'n kind in die wêreld gebring, 'n seun, bestem om al die nasies met 'n ystersepter te regeer. Haar kind is egter weggeruk na God en na sy troon toe,

Kersfees is nie net God wat ’n Kind stuur nie, dit is God wat ’n Koning stuur en ’n draak wat val.

4. Wat doen jy wanneer die draak in jou stories opduik?

Openbaring 12:6 (AFR83) 6en die vrou het na die woestyn toe gevlug waar God vir haar 'n plek gereed gemaak het, sodat die mense haar daar twaalf honderd en sestig dae lank kon versorg.

5. Waar probeer die vyand jou vreugde, vrede, roeping of eenvoudig jou Kersfees “Jesus” dood maak?

***Ons vier nie net dat Jesus gekom het nie, ons vier dat die duisternis nie kon keer dat Hy kom nie.**

Openbaring 12:10-11 (AFR83) 10Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: “Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het. 11Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle getuig het; en hulle het nie hulle lewens so liefgehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie.

Al wat ek wil hê vir Kersfees…
is die hele storie.
En die hele storie is:
Jesus het oorwin
en Hy is by ons en vir ons!

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant:
MARIUS MALAN - 016 004 0016
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

PREDIKANTE:

TOMMIE ARPIN
082 342 6245 I tommie@kg.org.za

JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 I jonathan@kg.org.za

EDOHAN BURGER
084 570 0669 I edohan@kg.org.za

LUCAS NIEMAND
083 233 4000 I lucas@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62603813846
Takkode: 250 655